

'n Gedenkklap vir 'n klein hartlam




foto: JAKOB MURRAY; ontwerp: COATIS; borduurwerk: IRIA STOKER; sjabloon van: BRASCH HOBBY – al sy produkte beskikbaar by kunstwinkel Landwyd – nowra (011) 493-9700; reddele van REGGIES, Eastgate, Johannesburg (011) 622-1473; dinosourusse en harte van ABODEMOMODE, (011) 615-88002



ROOT ROSE
20 SEPTEMBER 1995

Werk 'n prettige gedenkklap in kruissteek uit vir die nuwe kleinding in die gesin. Versorg deur Riana van der Merwe

MATE

Borduurwerk is 31 x 43 cm.

JY HET NODIG

Effebindingborduurstof met 11 drade per cm – stuk van 50 x 60 cm; Anchor-stringkatoengare in dié kleure: 2 stringetjies elk grysblou 1036 en rooi 9046; 1 stringetjie elk liggroen 1042, oranje 1001, grys 401, hemelsblou 1039, grysblou 1036, geel 295, maroen 1015, donkergroen 246, ligblou 1033, pers 1030; kruissteeknaald; borduurraampie en beskermklap; gare in ligte kleur vir ryg.

MAAK SÓ

1. Werk rand van borduurstof af of plak met strook maskeerband sodat dit nie uitrafel nie. Merk middel van lap met rygdrade.
2. Span borduurstof in borduurraampie met beskermklap en borduur volgens diagram in kruissteek. Gebruik deurgaans 2 drade en werk oor 2 stofdrade. Sorg dat boonste balkies van alle kruisies in dieselfde rigting lê. Werk baba se naam en geboortedatum in ruimte tussen ballonne met behulp van alfabet op diagram.
3. Plaas voltooide borduurwerk met VK boontoe op handdoek en pars liggies. Laat lê tot koud en droog.

• Borduurwerk raam makliker as jy dit liggies stywe met aanspuitstysel.

Let wel: Weens gebrek aan ruimte kan die diagram vir die gedenkklap ongelukkig nie in dié uitgawe geplaas word nie, maar jy kan dit teen R2,50 bestel. Stuur 'n posorder of tjek, uitgeskryf aan ROOI ROSE, aan ROOI ROSE, Handwerkdafdeling, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

Tiaan Schoeman is 'n vriendelike donkerkoppie met bloedrooi wange. "Dis 'n nuwe warm broek," spog hy by die besoekers met die skoolbroek wat ma Lydia vir hom gekoop het. Hy gaan hom môre aantrek, vertel hy opgewonde.

Lydia gaan haal sy skoolboek en hy lees vlot voor terwyl kleinsus Lyzanne langs hom sit en kommentaar lewer.

Die tienjarige Tiaan is 'n leerling aan die Laerskool Oost-Eind in Pretoria. Hy het Down-sindroom, 'n chromosomale afwyking waarmee sowat een uit 650 babas gebore word.

Hy is vyf weke vroeg gebore en hoewel Lydia dadelik vermoed het wat verkeerd is, was hul grootste vrees dat hy nie sou oorleef nie.

"Elke ma is maar bang dat haar kind siek sal wees," sê Lydia. "Die ergste met iets soos Down-sindroom is dat 'n mens weet niks kan daaraan gedoen word nie. Dis nie 'n siekte wat genees kan word nie.

"'n Mens wonder ook gedurig wat eendag van jou kind gaan word. Elke keer wanneer jy voor 'n nuwe probleem te staan kom, besef jy opnuut jou kind is nie normaal nie - en alles is net moeiliker as met 'n normale kind."

Die samelewing maak dit ook nie aldag maklik vir sulke kinders en hul ouers nie. Toe Lydia Tiaan by 'n kleuterskool wou inskryf, het onderwysers met die vreemdste verskonings vorendag gekom. Hy is egter sonder huiwering deur 'n kleuterskool in Villieria in Pretoria aanvaar. Daar was hy baie gelukkig en het goed met die ander kinders oor die weg gekom.

BAIE BETER VOORUITSIGTE

Al kan daar niks gedoen word aan die ekstra chromosoom wat Tiaan se ontwikkeling strem nie, is hy waarskynlik baie beter daaraan toe as Down-sindroom-kindere 'n geslag of twee gelede.

Destyds is gemeen sulke kinders is onopvoedbaar, maar nou weet kenners die leerprobleme is dikwels nie net aan 'n lae IK te wyte nie. Baie het ook gesukkel om te leer of gedragafwykings ontwikkel omdat hulle behandelbare mediese toestande soos sig- of gehoorprobleme of 'n onderaktiewe skildklier gehad het.

Deesdae is daar ook doeltreffender behandeling vir die ernstiger kwale - soos hart-, spysverteringskanaal- en bloedsiektes - waartoe Down-kindere geneig is. Waar mense met dié sindroom vroeër gewoonlik jonk gesterf het, het hulle nou 'n gemiddelde lewensverwachting van 50 jaar.

In 1994 het die Laerskool Oost-Eind sy deure oopgemaak vir Down-kindere wat aan sekere vereistes voldoen. Daar volg hulle 'n spesiale kursus wat daarop gemik is om hulle by die hoofstroom te laat inskakel.

Hulle leer lees en somme maak en ondergaan ook spraakterapie, en neem saam met die ander leerlinge deel aan musiek, kuns en liggaamlike opvoeding. Vir dié outjies hou die rekenaar ook geen vrese in nie; tewens, baie van hulle is heel bedwene daarin.

Die Down-kindere word ook sosiale en lewensvaardighede geleer sodat hulle hulself tussen nie-gestremdes kan handhaaf. Hulle word byvoorbeeld geleer om inkopies te doen.

Nou nie dat Tiaan 'n groentjie was toe die lesse begin het nie! 'n Paar jaar gelede het hy in 'n winkelsentrum weggeraak. Lydia was al byna radeloos toe sy hom in die supermark kry waar hy be-

sig was om 'n waentjie rond te stoot. Daarin was twee van elk waarvan hy en sy ouboet Janus hou: jogurt, sjokolade en koeldrank! Hy het ook al self brood gekoop.

Kerk is vir Tiaan 'n hoogtepunt. Selfs wanneer die gesin nie gaan nie, staan hy op sodra die kerkklokke begin lui, trek hom aan en woon hy alleen die Sondagskoolklasse by.

Aanvanklik was party mense ietwat skepties oor die projek, maar Tiaan se onderwyseres, Marietjie Couvaras, is trots op wat party van haar leerlinge reeds vermag het.

Een van hulle, Kruger Venter, is oorgeplaas na een van die skool se spesiale klasse waar hy uitstekend aanpas. Dan is daar ook Jamie du Toit, wat 'n sewende plek in die Noord-Transvaalse Tuimelsprong-kampioenskap behaal het, en Kosie Schoeman, wat 'n prys by die skool se talentaand losgeslaan het deur *Stuur Groete aan Mannetjies Roux* vir die gehoor te sing.

HULP OM VOLLE POTENSIAAL TE BEREIK

Spesiale opleidingsentrums vir Down-kindere bestaan wel, maar ouers soos die Schoemans meen dis belangrik dat hul kinders nie in afsondering grootword nie.

Dit is ook nie net dié kinders wat daarby baat om by 'n gewone skool in te skakel nie - ander leerlinge leer ook van kleins af om natuurlik teenoor gestremdes op te tree en gevoelig vir hul behoeftes te wees.

In die algemeen is Down-kindere beter daaraan toe in 'n gelukkige huislike omgewing, hoewel 'n inrigting in 'n paar gevalle - soos waar die ma 'n enkelouer is - 'n beter oplossing kan wees.

Genoeg stimulerings vanaf geboorte en vroegtydige behandeling van die kind se mediese probleme kan hom help om sy volle potensiaal te bereik. Hy moet van jongs af aangemoedig word om op sy omgewing te reageer, sy spiere te gebruik en reg te leer praat. Daarby moet ouers die kind se dieet fyn dophou, aangesien Down-kindere makliker as ander gewig aansit.

Die verstandelike vermoëns van mense met dié sindroom wissel. Enkeles is erg gestrem en 'n paar feitlik normaal. Die meeste het egter matige verstandelike gestremdeheid. Dit beteken hulle kan gewoonlik praat, loop en basiese lewensvaardighede bemeester. Baie kan ook leer lees, skryf en om met rekenaars te werk.

Opleiding word daarop gerig om die Down-sindroom-lyer sy volle potensiaal te laat bereik en hom so selfstandig te maak as wat sy vermoëns toelaat. Die kans is goed dat hy later gedeeltelik onafhanklik sal kan lewe en beskermde arbeid sal kan verrig. 'n Werk beteken nie net dat hy 'n bydrae tot die samelewing maak nie, maar verrig ook wonderde vir sy selfbeeld.

MAAK GESIN HEGTER

Dat dit nie aldag maklik is om 'n gestremde kind groot te maak nie, besef Lydia en Herman Schoeman maar te deeglik. Hulle moes heelwat finansiële opofferings maak en Lydia het selfs in 'n stadion oorweeg om as onderwyseres te bedank omdat Tiaan soveel ekstra aandag nodig gehad het. Daar was ook die vrees dat die ander kinders afgeskeep sou voel.

"Jy moet jou altyd daarop toespits om hulle gelukkig te hou," sê Lydia. Sy was bang ouboet Janus sou dalk ly onder te veel verantwoorde-

20.9.95.